

By die opening van die kerkgebou op Dingaanstat. Prof. P. P. Stander se vader oorhandig 'n Voortrekker-Bybel aan hom wat as historiese stuk in die kerk bewaar word. Die kerk is op 14 Desember 1949 ingewy. Twee dae later by die Geloftefeesfonds vir die GEM van stapel gestuur. Hierdie kleurfoto kom uit die nuwe Sendingfotoboek wat onlangs verskyn het, MY NAASTE — MY VERANTWOORDELIKHEID deur die Duitse vryskutjoernalis, mnr. Karl Breyer.

DIE GEESTELIKE EEUFEESMONUMENTSENDING

Meerdere Verantwoordelikheid as antwoord op Meerdere Genade

PROF. J. C. G. KOTZÉ

Om na bykans 39 jaar die teenswoordige verslae van die Geestelike Eeufeesmonument (G.E.M.) deur te lees, het (verskoon die persoonlike aksent) my siel diep ontroer . . . ontroer met gemengde gevoelens. Gevoelens van ootmoedige en diepe dankbaarheid om nou na 39 jaar vars en oortuigend te ontdek dat die verontrustende visie van 15 Desember 1938 inderdaad van die Here was. Maar ook 'n gevoel van aanstuwende onrus. Die G.E.M. spoed na gevaarlike krisisdraaie. En die vraag (verskoon tog my onafrikaanse uitdrukking): "Sal ons die draaie kan vat?" In die lig van die geskiedenis, kerk en volk van Suid-Afrika is daar net een antwoord: "Ja, ons moet, ons gaan in die krag, in die besieling en in die opdrag van ons Meester "die draai vat!"……

DIE G.E.M.: WAT IS DIT?

Vir sommige is na soveel jare die gedagte en naam van die G.E.M. totaal onbekend. Vir ander is dit so afgeslyt soos 'n ou pak klere. Ons neem u nie kwalik nie, 39 jaar is lank. Dit sal my dus vergun word om u vlugtig per *Concorde* terug te neem na 16 Desember 1938 . . . . die dag waarop die hart van ons volk op Monumentkoppie ontroerd gestaan het. Nooit het ek meer trane van aanbidding en dankbaarheid gesien nie; nooit het ek daarna weer "Prys die Heer met blye galme" só hoor sing nie. Wat 'n genadedag was dit in die geskiedenis van 'n klein gelowige volkie aan die Suidpunt van Afrika!

Die G.E.M. is egter nie daardie 16de Desember gebore nie. Nee, dit was al in 'n diepveront-

ruste hart in die donker nag van 15 Desember. As jong predikant, toe belas en bevoorreg met die taak van, soos dit toe nog genoem is, "spesiale evangeliepredikking" in die Transvaalse Kerk, het ek die aand van die 15de Desember 'n kampvuur-saamtrek bygewoon. Dit was die einde van die simboliese ossewatrek van 1938. Die spreker van daardie aand kon nòg asem nòg woorde kry om die roem van die Voortrekkers en eie volk te besing. Dit was ook reg en te regverdig. Hoe arm en ankerloos is die mens wat nie 'n volk en volksverband het wat jou so soms diep kan ontroer en letterlik gevange neem nie! En geestelik blind moet die mens wees wat op ons pad kan terugkyk en die Hand van die lewende God nie daarin sien nie. Só het die volk op Monumentkoppie gevoel . . . hulle wou omkyk, kniel en opkyk.

Skaam- en skuldgevoel

Maar daardie vorige aand (ag vergewe tog die baie persoonlike aksent in hierdie sin) het ek 'n wesenlike en noodsaaklike element in die redenaar se rede gemis. Dit het 'n stormagtige onrus in my siel ontketen, en ek is ook voor die einde van die verrigtinge daar weg huis toe. Normaalweg wou ek gaan slaap, maar ek kon nie! Wat het my so geskud? Vanweë my genoemde werk het ek elke hoek van Transvaal geken. Só het ek ook geweet dat na 100 jaar daar bitter, bitter min aan die kerstening van die Zoeloevolk gedoen is. As seun van my volk het dit in my in hierdie feesklimaat 'n pynlike verleë, skaam- en skuldgevoel laat ontbrand. Ek kon in my gemoed die verrigtinge van die volgende dag met sement en steen nie rym met die 100 jaar van skromelike versuim nie . . . altans nie in die geskiedenis van 'n Christen-volk nie. Hoe kon ons in hierdie geval opkyk? U mag van my verskil, my leser, maar dit is soos ek daardie nag gevoel en met my God geworstel het. Of is ek meer korrek om in ootmoed te sê: het God met my geworstel? Die nag was vir my nie feestelik nie . . . altans nie in die gewone sin van daardie gebeure nie. In my gemoed was dit donker, baie donker!

Duidelike opdrag

Teen die oggend van 16 Desember, het lig, heerlike lig, deurgebreek. Daar was geen vraag meer: wat kan hieraan gedoen word nie? Daar was ook geen verskoning meer nie: Ek, enkeling, staan tog magteloos. Nee, baie duidelik het die opdrag gekom. "SKRYWE!" Ek was destyds, ná die afsterwe van ds. A. C. Murray, redakteur van die tydskriffie *Die Oorvloedige Lewe,* nog deur ons twee begin. Skrywe! Só het die opdrag gekom. Stel die teenstelling wat jy in die feestyd in jou siel belewe. Roep die gelowiges in Suid-Afrika op na 'n geestelike monumentkoppie. Begin onmiddellik met die bou van 'n geestelike eeufeesmonument. Bou dit met lewende stene . . . die geredde siele uit die Zoeloevolk. Dit was die uitvloeisel van daardie nag alleen met God. Eintlik teen alle kerklike reëls in het ek die lesers van die *Oorvloedige Lewe* versoek om dadelik geld te stuur . . . en dit was 'n skaars ding in daardie dae . . . sodat ons met hierdie geestelike monument kon begin. Dit was die regte gety, nie slegs in die gees en geskiedenis van die volk nie, maar ook in die wil van God, dat hierdie oproep sou kom.

Wat leef my siel terug in daardie onvergeetlike dae. In die oproep is gepleit dat die hele volk by hierdie saak betrokke is. Ondanks die skaarste aan geld het briefies onmiddellik begin instroom. Ek het briefies, ontroerende briefies van kindertjies gekry met trippense en sikspense daarin. Ek het 'n brief met 'n pondnoot daarin gekry, ongeskonde en ongesteeld met as enigste adres: Ds. Kotze, Johannesburg. Uit sy brandende hart het 'n broerleraar aan my sy enigste goue Paul Krugerpond gestuur.

Uit Noord-Transvaal stuur 'n suster 40 pond deur die jare vir 'n yskas gespaar . . "waarom sal ek koue water drink as daar soveel siele is wat nog nie eens die water van die lewe gevind het nie."



Die Voortrekker-Gelofte soos dit op 'n tablet by die Voortrekker-Gedenkkerk in Pietermaritzburg staan.

Ontroerende briefies en klein bedraggies maak groot som

Wat lewe my siel terug in die onvergeetlike dae wat daarop gevolg het! In die oproep is gepleit dat die hele volk by hierdie saak betrek is. Ondanks die skaarste aan geld het briefies onmiddellik begin instroom. Ek het briefies, ontroerende briefies, van kindertjies gekry met trippense en sikspense daarin. Ek het 'n brief met 'n pondnoot daarin gekry onge-

skonde en ongesteeld met as enigste adres: Ds. Kotzé, Johannesburg. Uit sy brandende hart het 'n broerleraar aan my sy enigste Paul Krugerpond gegee, waarvoor die Sendingsekretaris 'n goeie som vir die G.E.M. kon verhaal. Uit Noord-Transvaal stuur 'n suster veertig pond, deur jare heen vir 'n yskas gespaar. Ek onthou nog 'n sinnetjie uit haar brief . . . "Waarom sal ek koue water drink as daar soveel siele is wat nog nie eens die water van die lewe gevind het nie." Geen groot somme nie . . . dié was daar nie. Maar binne drie maande was ons in besit van £3,700 . . . vandag seweduisend vierhonderd rand. Vir daardie dae 'n geweldige som.

Toe kom daar 'n heel komiese insident. Opgewonde is ek weg na Pretoria om die geld aan die toe vergaderende Sinodale Sendingkommissie te oorhandig. Wat was my jeugdige onbesonne ywer geskok toe, heel tereg ook volgens kerklike regulasies, ons geliefde ds. Jimmie Louw as voorsitter my versoek om die vergadering te verlaat. Ek skaam my nog vir my jeugdige astrantheid. Só was my siel gedrywe met 'n heilige oortuiging vir die saak dat ek beswaar gemaak het om uit te gaan. My argument was dat daar geen bespreking of besluit nodig was nie. Al wat nodig was, só het ek dit gestel: "Is om hierdie geld te ontvang uit die hand van duisende medewerkers en onmiddellik te begin as voortsetting van die afgelope fees om die geestelike eeufeesmonument in Zoeloeland te bou." Dit het in die vergadering stil geword. Ds. Louw het 'n oomblikkie met toe oë bly staan. Toe stel hy dit aan die vergadering: "Broeders, ek versoek u om aan hierdie versoek te voldoen". Dis eenparig gedoen en met 'n hartroerende gebed uit die vergadering aan die Here gewy saam met 'n belydenis van ons versuim in die verlede. Dáár het ek verskoning gevra dat ek so onkerkregtelik geld ingesamel het, maar terselfdertyd ook verlof en opdrag gevra om vir die saak in gemeentes waar ek diensreekse hou, geld in te samel. Dit het alles geskied. En met my uittrede uit daardie werk was daar naastenby 'n agtduisend rand as balans op die bank. Nie alleen was die hart van die volk in die saak nie, maar die Hand van die Here was daaragter.

Stuur asseblief ewe onmiddellik en spontaan u bydrae vir die G.E.M. Geloftefeesfonds aan Die Sendingsekretaris, Posbus 649, Pietermaritzburg 3200. Die fonds staan reeds op R21 000 en die mikpunt is nog hierdie jaar R100 000. Só dringend is dit, omdat die groot genade van die verlede ons nou heel onverwags voor 'n luisterryke oop deur geplaas het. Bid en gee sodat dit u intussen iets mag kos . . . volgende keer meer daaroor. Die vordering van die fonds sal gereeld in DIE SENDINGBLAD bekend gemaak word. ★

En nou, ná 39 jaar, het die "groeiende monument" 'n grootse struktuur aangeneem. Maar juis hierdie meerdere genade plaas ons op die oomblik voor 'n nog veel groter verantwoordelikheid . . . 'n verantwoordelikheid veel meer gedug as die aanvang. Ons gebed is dat hierdie nuwe roeping met dieselfde besieling en selfverloëning deurgevoer sal word as die aanvaar daarvan. ★

BYBELBESIT EN BYBELGEBRUIK IN ENGELAND

N. TURLEY

'n Opname wat vroeër in 1976 in Engeland gemaak is, toon aan dat 84% van die ondervraagdes in 'n huis woon waar ten minste een Bybel is. Maar 64% van hierdie mense met 'n Bybel in die huis kan nie onthou dat hulle gedurende die afgelope jaar daaruit gelees het nie.

Bogenoemde besonderhede word gehaal uit 'n ondersoek oor eienaarskap en gebruik van die Bybel wat deur 'n markondersoek-organisasie, *National Opinion Polls*, vir die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap onderneem is. Die resultate van hierdie ondersoek is daarna vergelyk met 'n dergelike opname drie jaar gelede ten einde vas te stel hoe die gebruik van die Bybel in Britse huishoudinge verander het.

Meer professionele mense as handwerkers

Uit die antwoorde wat die ondersoek opgelewer het, blyk dit dat die waarskynlikste Bybelbesitter 'n Skot is, vroulik, 'n professionele persoon, meer as 55 jaar oud. Uit die monster van Christene en nie-Christene in verskeie dele van Engeland onder wie die opname gemaak is, lewer die ouderdomsgroep bo 55 die meeste Bybelbesitters. Bybelbesit vir verskillende ouderdomsgroepe, was soos volg: bo 55 jaar — 75% 35 — 54 jaar — 74%, 16 — 34 jaar — 65%

Dis opmerklik dat professionele mense en mense op bestuursvlak meer Bybelbesitters oplewer as handewerkers, en meer vroue as mans. In huise waar daar 'n Bybel was, het 5% van die vroue dit daagliks gelees teenoor 3% van die mans.

Driekwart het Bybel as geskenk ontvang

'n Vergelyking met die 1973-opname toon dat Bybelbesit in Engeland met 5% in die afgelope 3 jaar gedaal het. Die gebied met die grootste daling is die noorde van Engeland waar 60% Bybels besit teenoor 77% in 1973.

Besonder insiggewend is die feit dat 'n driekwart van die Bybelbesitters sê dat hulle Bybel as 'n geskenk ontvang is — die helfte van familie, 21% deur organisasies en instellings. 9% het 'n Bybel by 'n gewone boekwinkel gekoop en 4% by 'n godsdienstige boekhandel.

Met hierdie gegewens kan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap die verspreiding van die *Good News* Bybel meer doelmatig aanpak. ★

WANT SO LIEF . . . .

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy enigebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie. maar dat die wêreld deur Hom gered kan word (Johannes 3:16, 17).